

## VOLG ONS .... LEIERS OF DIE WAARHEID?

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld. Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-oOo-

**Romeine 8:14** Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God.

-oOo-

Ek seën elkeen wat hierdie Woord gaan lees in die Naam van onse Here Jesus Christus. Hierdie is 'n boodskap van die Here vir elke kind van God op aarde. My wens is dat hierdie woord sover moontlik sal versprei.

Ek het vanoggend (25 Januarie 2026) 'n woord by die Here ontvang en dit het my eintlik half geskok. Terwyl ek daaroor dink en in my stiltetyd gemediteer het, het hierdie woord groter geword, en die Here het dit vir my meer geopenbaar. Ek voel gelei om dit met almal te deel.

### 1. WIE VOLG JY?

Daar is 'n baie groot verskil tussen '*Volg ons leiers of volg ons die Waarheid*'. Hierdie is 'n vraag wat ons elkeen seker vir onself kan vra.

Ons bediening wat gereeld op uitreikings gaan, kry met baie mense van verskillende denominasies, gemeentes en nasies te doen. Ons ervarings is dat, wanneer 'n mens bietjie tyd met van hierdie persone spandeer, jy gou agter kom wat so 'n persoon se posisie is met betrekking tot hierdie vraag. Ek glo die span wat altyd saam met my beweeg, kan dit beaam.

Die Here het my geleer en ek het hulle geleer om altyd eers te '*spioeneer*', met ander woorde, om mense toe te laat om te praat. Ondervinding het geleer dat dit nie saak maak wat 'n persoon sê, wat hy doen of wat hy voorgee nie. Die oomblik egter dat jy hom vrye teuels gee om te praat, en hier en daar 'n vraag stel, kom jy gou agter in watter rigting hierdie gesprek beweeg. Ek het dit al talle kere ondervind dat hierdie blootstelling van die persoon, of dit wat hy vir jou wil sê, 'n rigtingwyser is, en vanoggend verstaan ek hierdie vraag van die Here.

Ek het teruggedink en die Here het my aan sekere geleenthede herinner, waar ek 'n kursus aangebied en oor sekere dinge gepraat het. Tydens sulke geleenthede gebeur dit dat mense jou nader, 'n gesprek aanknoop en vertel van hierdie fantastiese geestelike leier wat hul het, en wat hierdie leier hulle leer. Ek sê dit met groot hartseer, in die meeste gevalle is dit halwe waarhede. Wanneer ek dan so 'n persoon 'n vraag of twee vra, kom ek agter dat die persoon 'n verhouding met sy leier het, maar hy weet nie wie die Waarheid is nie, hy ken nie die Waarheid nie. Ek het dit hierdie week weer ondervind, waar die persoon nadat ek 'n paar vrae gestel het, net vasgesteek het. Dit was asof ek die wind uit sy seile gehaal het.

Dit is vir my die hartseer hieromtrent. Dit is asof daardie persone hulle hele lewe bou op dit wat daardie geestelike leier sê. Ek dank God dat Hy my stelselmatig begin leer het, stukkie vir stukkie, met baie geduld en baie groot genade, oor hoé om die regte pad te volg, hoé om die waarheid te volg. Dit is nie omdat ek vanoggend 'n Fariseërs gebed bid nie, dit gaan nie daaroor nie, dit gaan alles oor Sy verheerliking. Die kern van die saak is dit: as ek nie die vrug van dit wat ek sê dra nie, dan **kán** ek dit nie sê nie, want dan is ek 'n valse getuie.

Ek het ook leierskap gevolg, beslis, en dit is reg om leierskap te respekteer, dit het sy plek. Ons moet egter daarteen waak om nie van 'n mens of leierskap afgode te maak. Ek het hierdie week met 'n

-oOo-

persoon gesels en sy hart is opreg, daar is niks fout met sy hart nie, luister mooi wat ek sê. Hy is soekend en hy vertel my van die leierskap en van verskillende dinge. Ek het hom kans gegee om te praat, en op my vraag wat hierdie leier vir hom leer, wat hom help om in 'n beter verhouding met die Waarheid te staan, het hy vasgesteek. Hy sê toe vir my dat hy al baie van die Vader gehoor het, baie van Jesus gehoor het, en toe raak hy stil. Hy sê verder, maar daar is een ding wat in sy lewe ontbreek, hy het nog nooit die Heilige Gees in sy lewe ervaar nie. Hy ken nie die Heilige Gees nie.

## 2. VERHOUDING MET HEILIGE GEES

Wat baat dit as ons alles ken en ons ken nie die Heilige Gees nie? Dit is vir my 'n aanduiding dat sy leierskap ook nie 'n verhouding met die Heilige Gees het nie. Ek het baie oor hierdie situasie gedink en verder met hom gesels. Hy het egter al meer teruggetrek namate ek gepraat het.

In sulke situasies kan ek net altyd op die Woord vertrou wat sê: **Jesaja 55:11** so sal my woord wees wat uit my mond uitgaan: dit sal nie leeg na My terugkeer nie, maar doen wat My behaag en voorspoedig wees in alles waartoe Ek dit stuur.

## 3. DOOP VAN BEKERING

Ek het hom net die Woord gegee. Op my vraag of hy gedoop is, was sy antwoord dat hy klein gedoop is (as baba). Ek noem toe dat daar nie iets soos klein doop en groot doop bestaan nie. Daar is net een doop en dit is die doop van die bekering. Ek moes 'n paar keer vir hom verduidelik wat die doop van die bekering is en wat dit beteken. Ek het aan hom verduidelik, maar tans wag ek vir 'n deurbraak. Ek glo dat daar een of ander tyd 'n deurbraak gaan kom en dat die persoon vir my sal sê dat hy dit nou verstaan. Ek het die volgende in detail aan hom verduidelik:

### Wat Is Die Doop Van Die Bkering:

- Dit is 'n openbare verklaring.
- Ons het in die openbaar gesondig, daarvoor was ons nie skaam nie.
- Daarom moet ons weer 'n openbare verklaring maak dat ons gekies het om die vuil lewe, die sondige lewe af te sterf.
- Ons het onself begrawe in die bad van wedergeboorte volgens Titus 3 vers 5.
- Die Gees van God het in ons gekom.
- My wil, my denke, my emosies, my gees het ek neergelê.
- Ek het gesterf en ek het gewag in die bad van wedergeboorte dat die Heilige Gees in my sal kom, volgens Romeine 8 vers 11.
- Dit is 2 lewens, 'n ou lewe en 'n nuwe lewe en

Daarom sê Paulus **Galásiërs 2:20** Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het.

**Titus 3:5** nie op grond van die werke van geregtigheid wat ons gedoen het nie, maar na sy barmhartigheid het Hy ons gered deur die bad van die wedergeboorte en die vernuwing deur die Heilige Gees

**Romeine 8:11** En as die Gees van Hom wat Jesus uit die dode opgewek het, in julle woon, dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon.

#### 4. GROEI PROSES

Ek het genoem dat ons leierskap moet respekteer, verseker, want alle leierskap het die vermoë om jou te vat na 'n geestelike vlak. Ek besef egter hoekom ouma Geraldine al die jare gesê het: *'Jy Gabriël, jy moet saam met jou mense groei. Jy kan nie iemand iets gee wat jy nie het nie, jy kan nie iemand iets gee wat in die gees meer gevorderd is as jy nie'*.

So, dit is belangrik dat jy saam met jou mense groei. Elke dag moet 'n groei proses wees, tot volkome volwassenheid. Ons sal in hierdie lewe nooit die toppunt bereik nie, as ek dit so kan stel. Dit sal gebeur wanneer Christus kom, dan sal ons skielik verander word, sodat ons gelyk aan hom kan wees. Dit is wat die Woord sê.

**1 Korinthiërs 15:51** Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word,

1 Korinthiërs 15:52 in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word.

1 Korinthiërs 15:53 Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word.

Totdat dit gebeur, is ons in 'n groeiproses. So wat ek vandag sê is, volg die Waarheid. Bou jou binnekamer verhouding met die Heilige Gees. Indien jy ook vandag sê *'maar ek ken nie die Heilige Gees nie'*, doen die volgende:

- Gaan in jou binnekamer en sê vir Hom. 'Here ek ken U nie, ek het gehoor van U maar ek ken U nie. Ek wil U vandag ontmoet, kom vandag in my lewe in. Kom neem vandag my lewe oor. Bid soos ek jare gelede gebid het, bid Psalm 32:8. *'Kom onderrig my, kom leer my op die pad wat ek moet gaan, kom gee vir my raad, kom hou U oog oor my'*.

**My pleidooi is:**

- ♦ Maak seker dat jy die Waarheid volg, en nie leierskap nie. Maak seker dat jy deur die Gees van God gelei word, want die Bybel sê **Romeine 8:14** Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God.
- ♦ Maak seker dat jy jou plek vul wat die Here vir jou bepaal het voor die grondlegging van die wêreld.

Die Here seën julle, mag hierdie boodskap uitgaan tot aan die uiterstes van die aarde. en mag elke oor wat dit hoor geseënd wees, in die Naam van die Here.

-o0o-

-o0o-